# TOUCHER

CENTURION ROLBAL KLUB

# Nuusbrief /Newsletter

Augustus 2025 Uitgawe

## ONS NUWE PRESIDENT AAN DIE WOORD



Die Algemene Jaarvergadering en dan ook ons jaarlikse Prysuitdelingsfunksie wat plaasgevind het op Saterdag 16 Augustus 2025 was beslis ‘n hoogtepunt vir die jaar, veral omdat daar so ‘n geweldige goeie opkoms van lede was. In totaal was ons 95 lede wat die dag se verrigtinge bygewoon het. Alle betrokkenes onder leiding van Jurg en Karien het so hard gewerk om dit ‘n sukses te maak. Baie dankie daarvoor, dit word opreg waardeer deur al ons lede.. Tydens die vergadering is daar dan ook ‘n nuwe bestuurspan en keurkomitees verkies. Meer hieroor verder af in die Toucher.

As nuwe bestuurspan en komitees voel ons geèer maar ook dankbaar vir die vertroue wat julle as lede in ons stel en ons sal ons bes doen om ons take en funksies na die beste van ons vermoè uit te voer.
Elke lid wat weereens jul hande opgesteek het om in ‘n posisie in die bestuurspan en/of die keurkomitees te dien, nogmaals dankie.
‘n Baie groot dankie aan Jurg , ons uitgaande president en al die bestuurspanlede wat so ‘n groot rol gespeel het die afgelope jaar. Die span het ‘n geweldige hoè standaard gestel wat ons nuwe span hoop om gestand te doen

Om ‘n suksesvolle rolbalklub daar te stel, moet ons konsentreer op twee bene - die fisiese hulpbronne /fasiliteite been en dan die menslike hulpbronne been, ons lede. Die bestuur se rol is om die twee aspekte gebalanseerd te bestuur en te optimiseer. Die bestuur van die fisiese hulpbronne sluit die perke, die klubhuis, finansièle bronne en dan ook die fasiliteite soos die kombuis in. Die ander en seker die belangrikste aspek is ons lede wat handel oor verhoudings, die interaksie met mekaar en sosiaal wees - tydens spel, na spel en saam met ander klubs. Dit sluit verder in die wyse waarop ons die spel speel en ons mense ontwikkel en eienaarskap laat neem om hul eie doelwitte in hul spel te bereik

Omdat ons so ‘n verskeidenheid persoonlikhede het, moet elkeen van ons plek maak vir die volgende persoon se behoeftes, persoonlikheid en andersheid. MAAR ons moet asseblief die verskille verstaan en met respek en geduld aanvaar en hanteer. Dit is die sukses van ons klub - ons werk saam en verstaan mekaar.
Om toenemend te verbeter as ‘n klub moet ons lede hul diversiteit en talente kan uitleef en is dit belangrik dat die bestuurspan sensitief sal wees vir menings en insigte wat tot voordeel en van belang is vir die klub se groei. Maar dit moet nooit ten koste van ons waardesisteem wees nie, wat insluit respek, integriteit en verantwoordbaarheid. Daarmee kan ons as klub en lede verseker dat eensgesindheid en ‘n positiewe en gemaklike atmosfeer altyd sal seèvier.

Van my kant af kan ek met n skoon gewete stel dat die klub en ons lede die visie, missie en gesonde waardes van ons klub weerspieel en uitleef . Baie dankie daarvoor. Daarom wil ek graag vra , vir die jaar wat voorlê , dat ons as lede en bestuurspan saam hande sal neem en die klub sal bou tot die beste van wat kan wees.

Ons almal sien uit na die opgeknapte bane wat tans in wording is en is jammer oor feit dat die bane ongelukkig gesluit sal wees van 25 Augustus tot 8 September om deeglike lentebehandeling te verseker .

**DANKWOORD AAN ONS VORIGE PRESIDENT: JURG ODENDAAL**



Tydens die AJV het Karien Roos namens alle klublede vir Jurg Odendaal bedank vir al sy harde werk gedurende sy presidentstermyne. Omdat haar woorde die algemene siening van die klublede weerspieèl, gee ons dit graag weer:
Vandag sê ons dankie aan Jurg wat die afgelope drie jaar met toewyding, ywer en harde werk die klub bestuur het.

As President het Jurg nie net sy bestuursverpligtinge met sorg en presisie hanteer nie, maar ook met entoesiasme en ‘n opregte liefde vir die spel rolbal en die klub se mense.
Jurg, onder jou waardige en rustige leierskap het ons klub gegroei - nie net in getalle nie , maar in gees, samehorigheid en trots.
Jy het vir ons ’n voorbeeld gestel – altyd bereid om te luister, altyd gereed om hande te vat en altyd gefokus op dit wat die beste vir die klub sal wees

Namens almal hier: Baie dankie vir die drie jaar se inspirasie en leierskap. Ons waardeer jou meer as wat woorde kan sê, en ons wens vir jou en Anne-Marie net die beste toe vir die toekoms.
My wens aan jou: Mag jy nou sorgvrye dae op die rolbalbaan geniet en mag die “broken rinks” en “wrong biases” op die baan al hoe minder word. En vandag hier voor die vergadering gee ek vir jou toestemming om nog steeds jou sleutels by die toonbank neer te sit.

Karien Roos

# HOOGTEPUNTE

Die Perfect Delivery Gauteng Ope het plaasgevind van 5 – 27 Julie, en ons klub het op beduidende skaal aan hierdie prestige-toernooi deelgeneem - lees gerus Jaco Immelman se verslag hieroor verderaan. Ons klub het ook die pluimpie ingepalm om van die selekteerde klubs te wees om sekere seksies van die toernooi te huisves. Dit het groot eise gestel aan die baandiensmanne, die spysenieringdames en die kroegpersoneel. Hierdie take is met groot onderskeiding uitgevoer, soos blyk uit die terugvoer deur die spelers. Baie geluk, en groot dankie aan elkeen wat op hierdie wyse die naam van die klub eer aangedoen het.



Die gebruiklike maandelikse Worslopie kon plaasvind op 17 Julie, weer eens onder die bekwame leiding van Tertius van de Venter.  Jurg Odendaal en  Magdaleen Antonites het met die louere weggestap, terwyl Barend Lundie met agt raakballe die wenner was in hierdie kategorie. Baie geluk aan hierdie wenners! Deelname was weer eens puik en het gesorg vir ŉ welkome kontantinspuiting.

Die twee-weeklikse 2-4-2 spel op Woensdagmiddae vind steeds plaas, met Eurika Lawrence en Karien Roos aan die stuur. Ook hier is algemene deelname baie goed. En Eurika en Karien sorg telkens vir iets nuuts, soos ‘n geraaskommando om nuwer spelers tot groot hoogtes aan te spoor. Welgedaan!






Soos gebruiklik was die Algemene Jaarvergadering op 16 Augustus weer ŉ hoogtepunt – kyk berig hierna.
Die uitgestelde Vierhoekige Toernooi tussen die klubs van Centurion, Villieria, Bronkhorstspruit en Lynnwood kon toe plaasvind op Saterdag 23 Augustus. Die eindresultaat was ŉ klinkende oorwinning vir ons klub, wat as algehele wenners die trofee weer huistoe kon bring. Baie geluk aan alle spanlede! Die “onderonsie” uitslag van wedstryde  teen Villieria is deur laasgenoemde met ŉ enkele punt gewen, terwyl Bronkhorstspruit vir Lynnwood kon troef. Allerweè ŉ baie geslaagde dag.

## ALGEMENE JAARVERGADERING: 16 AGUSTUS 2025


Die Algemene Jaarvergadering is deur 'n groot aantal klublede bygewoon. Onder voorsitterskap van Jurg Odendaal (President) is die agenda met bekwame spoed en deeglikheid afgehandel. Die algemene welstand van die klub is uitstekend, ongeag spesifieke uitdagings betreffende die Tshwane Metro. Die finansies word uitstekend bestuur deur Marieta Fourie, en ook hier lyk die vooruitsigte positief.

**As nuwe bestuur is verwelkom:**
Tertius van de Venter (President);
Karien Roos (Vise-President),
Marieta Fourie (Tesourier);
Suzette Strydom (Sekretaresse);
Nico Rau (Klubhuisbestuurder);
Dave van Oudtshoorn (Perkemeester);
Zinda Müller (Rolbalontwikkeling);
Dorina du Plessis (Kompetisiesekretaresse Dames);
Pieter Pretorius (Kompetisiesekretaris Mans);
Dalina Brits (Kroegbestuurder);
Ronell van Zyl (Gasvryheidsbestuurder).

**Tertius van de Venter**



**Karien Roos**



**Marieta Fourie**



**Suzette Strydom**



**Nico Rau**



**Ronell van Zyl**




**Dalina Brits**



**Zinda Müller**



**Pieter Pretorius**



**Dave van Outdtshoorn**



**Dorina du Plessis**



**As Dames Keurkomitee is verkies:**
Dorina du Plessis,
Ria Coetsee,
Tillie Kamper,
Zinda Müller
Thea Opperman.

**Die Mans Keurkomitee bestaan uit:**
Brian Kleingeld,
Willem van Zyl,
Pieter Pretorius,
Emile Haarhoff
Johan Meaker.

Hierdie ampsbekleërs is almal van harte geluk gewens.


Karien Roos het op gepaste wyse 'n dankwoord gerig aan Jurg Odendaal vir sy onbaatsugtige en effektiewe leierskap die afgelope jare, waarin die klub tot nuwe hoogte kon uitstyg. Tertius van de Venter het as nuwe president in 'n kort boodskap beklemtoon watter opbouende gees in die klub heers, waarop net voortgebou kan word. Na die vergadering was daar 'n keurige ete vir almal, danksy die dienswerk van Ronell van Zyl en helpers. Die ete is gevolg deur die prysuitdeling, waaroor besonderhede verderaan gegee word. Voorwaar 'n AJV wat die klub in alle opsigte tot eer strek.

---

# CENTURION ROLBALKLUB : KORT HISTORIESE OORSIG

Soos in die geval van individue en families, verryk 'n goeie geheue ook die denke en beplanning van organisasies. Die geheue van ons klub is tydens die onlangse AJV weer mooi verfris ( veral ten bate van die mooi aantal nuwe lede) deur Mari Flint, een van die pioniers en presidente van die klub, en wel soos volg:

Geskiedenis van Centurion Rolbalklub




Ek wil julle kortliks vertel van die geskiedenis van hierdie spesiale rolbalklub van ons.
'n Paar mense, sakemanne, sportliefhebbers en inwoners van die omgewing het in Oktober 1971 bymekaargekom want hulle wou rolbal speel. 'n Beginnersvergadering is gehou by Laerskool Fleur.

Daarna is op 9 November 1971 'n stigtersvergadering by Laerskool Louis Leipoldt gehou met 35 mense teenwoordig en is besluit op die naam: VERWOERDBURG ROLBALKLUB.

Nou moet die bane nog aangelê word en soos julle weet, die bane is die hartklop van 'n klub. 'n Reusetaak het voorgelê.

Eddie Atkins, afgetrede werknemer van die Stadsraad, het onderneem om die beste bane in Pretoria te bou maar daar was egter drie voorwaardes vir voltooiing:

1. Genoegsame reën gedurende die seisoen
2. Klubhuisgeriewe soos toilette moes aangebring word.
3. Elektrisiteit moes na die bane aangelê word. Dit het eers in Januarie 1973 geskied!

Die munisipaliteit het die terrein voorsien, maar dit was al.
Soos vandag die geval is, het die munisipaliteit toe ook nie die nodige fondse vir geriewe gehad nie en moes tydelike toilette opgerig word.
‘n Sinkgeboutjie word opgerig om die toerusting in te bêre.

Dit sou ongeveer nege maande neem om die bane te voltooi: ‘n Groot prestasie, inaggenome die beperkte hulpbronne.
Eddie Atkins het hulp gehad in die persoon van Hennie v Zyl en die twee bane is ook na hulle vernoem nl. ATKINS en VAN ZYL om hulle erkenning te gee vir hulle harde werk. Dit het die afgelope tyd net sommer die A- en die B-baan geword.

Die eerste Algemene Vergadering is gehou ,‘n jaar later, op 27 November 1972, en hulle kies ‘n bestuur en kry al die nodige reëls in plek. Ledegeld was as volg: R24pj vir getroude pare ,R16pj vir enkel mans en R10pj vir enkel dames, en R5 vir toetreefooi.
Die bane word op feestelike wyse in gebruik geneem in Februarie 1973. Daar is nou al 43 man lede en 33 dames.

‘n Klubhuis moet nog opgerig word en die beraamde koste is R8000. Die helfte is deur die munisipaliteit betaal en die ander helfte deur die lede. Dit was ‘n kleinerige gebou maar dit was baie beter as om onder die boom tee te drink.
text

Hulle sluit ‘n huurkontrak met die munisipaliteit waarin dit stipuleer dat drank nie op die perseel verkoop mag word nie en met die amptelike ingebruikname van die klubhuisgeriewe in Oktober 1973, skenk die drankwinkel in Kloofsig, die drank.
Die huurooreenkoms het ook bepaal dat daar nie op Sondag rolbal gespeel sal word nie.

Apartheid het ook hier geheers en daar was ‘n dames-president sowel as ‘n mans- president met elkeen sy eie volledige komitee en dit het met sy eie uitdagings gepaard gegaan. “ Women are from Venus and men are from Mars”. Ek was die laaste dames-president van daardie era en het ervaar dat die mans ons eintlik net gesien het as die verversingskomitee

Die klubhuis moes nog vergroot word en die lede werk weer baie hard om die nodige fondse te bekom. Intussen word daar ingebreek en 60 stoele word gesteel, nog ‘n ekstra las op die lede. Daar moet aansoek gedoen word vir ‘n dranklisensie wat in daardie dae ‘n uitdaging was. Hulle het ‘n koeldrankkas gehad waaruit die lede iets te drinke kon neem en moes dan geld in ‘n geldkissie daarvoor gooi. Hulle het ook ‘n VAT- klub gestig waar hulle hulle eie drank kon koop en in die “vat-klub” kon deponeer. en kon dan na spel ‘n ietsie geniet.

Die munisipaliteit het daardie vaatjie se boom egter gou laat uitval want dit was volgens hulle onwettig. In 1981 onderneem Joan Church, met haar goeie konneksies en regskennis, om die klub by te staan met die verkryging van ‘n dranklisensie en in Feb. 1982, ‘n jaar later, word die kroeg amptelik in gebruik geneem. Dit was 10 jaar nadat die klub gestig is, ‘n lang “droogte.” Die ledetal staan nou al op 70 dames en 75 mans

Die klubhuis word vergroot maar die kroeg was, waar die klein kombuisie tans is, te klein en die mense het mekaar na spel verdring by die luik. Later word die kroeg geskuif na waar hy tans is en een stoorkamer word ook later afgestaan vir gebruik as ‘n kantoor.
Saam met die naamverandering van Verwoerdburg na Centurion in Junie 1995, verander ook die klub se naam na CENTURION ROLBALKLUB.

‘n Geweldige storm waai een Saterdagaand in 2013 die klubhuis se dak af en dit verg weereens ‘n toegewyde poging van die lede om die klubhuis weer op standaard te kry. Dit was net ‘n genade dat daar nie lede by die klub was nie, die naderende storm het almal vroeër huistoe gejaag.

Die klubhuis het oor die jare al ‘n paar opgraderings en vernuwings ondergaan en dit bly maar die plek waar hegte rolbalfamiliebande gesmee word.

Op sosiale gebied gaan dit van dag een af goed met die klub en baie toernooie word gereël en koöperatiewe dae word gehou om fondse in te samel.Irene en Delmas rolbalklubs word sosiale vriende en hulle reël sosiale dae tussen mekaar.
Later het Irene en Meyerspark ook sosiale vriende geword. Volgende naweek speel ons juis weer die vierhoekige byeenkoms teen Lynnwood, Villieria en Bronkhorstspruit en so versterk die sosiale band tussen klubs.

Die lede was kompeterend vanaf dag een en het aan NTV-rolbalunie se kompetisies deelgeneem en ook al in die eerste jaar ‘n ligaspan ingeskryf. Verskeie lede is genooi om deel te wees van die NTV asook BGN se provinsiale spanne. Een besondere prestasie was toe twee Centurion dames, Jannie de Beer en Louise Graham, die wenner en naaswenner van die BGN dames enkels was.

Ook toe Centurion se dames 4span vir twee agtereenvolgende seisoene die BGN 4re gewen het en hulle was ook SA wenners. Centurion Rolbalklub kon natuurlik ook spog met twee dames Springbokke nl. Jannie de Beer en Lorraine Victor.

Dit is ‘n uitsonderlike prestasie! Centurion Rolbalklub se lede, mans sowel as dames,. was en is nog altyd baie kompeterend.
So is daar verskeie lede wat uitsonderlike prestasies gelewer het oor ‘n tydperk van vyf dekades, vanaf beginners vlak tot op Springbok vlak.

Van ons lede het ook gepresteer op administratiewe vlak. Joan Church en Cathy Bronner was albei Dames- presidente van ons klub, presidente van BGN asook presidente van BSA . Piet van Heerden en Mona Stacy was albei presidente van BGN en so het verskeie lede diens gedoen in die uitvoerende komitee van BGN. Dan is daar ook Bosman wat tans sy deel doen vir rolbal vir die gestremdes.

Kommunikasie was glad nie maklik nie totdat WhatsApp ons lewens vergemaklik het. Kennisgewing van wedstryde is op ‘n Donderdag op die kennisgewingbord by die klein hekkie geplaas, asook gepubliseer in die Pretoria News.

**Oor kleredrag die volgende:**

●Tydens die eerste Algemene vergadering in Nov 1972 word daar besluit oor die kleredrag. Dit sal wit wees soos deur NTV Rolbalunie voorgeskryf, met ons eie sakwapen.

●As julle na daardie uitrusting kyk, sal julle besef HOE graag ek wou rolbal speel. Alles was voorskriftelik. Skoene en kouse se kleur, en rok se lengte. Die mans se hemp moes ingesteek wees en hy moes 'n kraag en 'n sak hê. In 1981 het BSA 'n toegewing gemaak dat mans in sekere omstandighede 'n kortbroek tydens spel kon dra.







●Die mans sou 'n vlootblou baadjie dra tydens formele geleenthede en die dames 'n formele vlootblou trui. Die volgende jaar het die dames besluit op 'n netjiese groen trui en is die kleur wilgergroen geregistreer. Die hoedbande en die mans se dasse was ook van dieselfde groen. Genadiglik het die formelekleredrag met die jare meer sportief en gemaklik geraak.

Dit was met toewyding, passie en deursettingsvermoë dat hierdie klub van die grond af opgebou is en dit het mense met dieselfde visie en passie gekos om dit in stand te hou en nog steeds te onderhou.
Ek is trots om 'n lid van Centurion rolbalklub te wees en my hart klop warm vir die  lede van ons klub!

---

**VANWAAR GEHASI?**



**Albe Nel**

Ek is Albė Nel, afgetree,  en woon sedert Maart 2025 in Centurion saam met my man Pieter. Ons het twee dogters, beide getroud. Ek is 'n trotse ouma van 'n kleindogter en kleinseun. Ek help graag om hulle in die middae na hul aktiwiteite te neem en is dus 'n groot deel van hul lewens, iets wat my baie vreugde bring.

Ek het vir baie jare by 'n klein plaasskool gewerk en dit was vir my besonders om met kinders te werk. Na my aftrede het ek meer tyd vir die dinge waarvan ek hou. Ek bly graag aktief en stap is een van my gunsteling aktiwiteite.'n Groot hoogtepunt vir my was om die Visrivier Canyon in Namibië te stap, iets wat lank op my "bucket list" was.

My stokperdjies sluit lees, naaldwerk en die ontdek van nuwe produkte of idees in.Ek sê altyd dat die Bybel ons leer: “beproef alle dinge en behou die goeie”, en ek probeer dit as lewenswyse uitleef.
Ek sien daarna uit om nuwe vriende in die klub te maak en saam lekker ervarings te deel.

---

# KOMPETISIES

## Klubkompetisies



Tydens die AJV op 16 Augustus is trofeè en sertifikate toegeken vir die volgende prestasies:



**Die enkelspelwedstryde vir beginners**

●Dames: Elize Stoop
●Mans: Dou Kleefstra

**Die ope enkelspelwedstryde:**

●Dames: Ria Coetsee
●Mans: Tian Pietersen



**Die Gemengde Gekose Pare kompetisie:**

●Zinda en Ernst Müller



**Die enkelspelwedstryde vir veterane:**

●Dames: Tillie Kamper wen teen Elize du Plessis
●Mans: Japie Horn wen teen Piet Swemmer

**Gelote Driespel (mans/dames):**

●Dames: Karien Roos, Ronell van Zyl, en Annette Olivier wen teen Hessie de Lang, Hendrina Meaker en Marieta Fourie
●Mans: Herman du Plessis, Hadri Roux en  Johan Jansen wen teen Brian Kleingeld, Jurg Odendaal en  Flip Matteus.

**Gelote vierspel (mans/dames) :**

●Dames: Annie Marais, Tillie Kamper, Martelize Prinsloo en Albé Nel wen teen Karien Roos, Zinda Müller, Annette Olivier en Kirsten Mc Leod.
●Mans: Gerrit Kamper, Nico Rau, Barend Lundie en  Ettienne Olckers wen teen Brian Kleingeld, Willem van Zyl, Eidel Bock en  Pieter Coetsee.

Die trofee vir beste vordering is toegeken aan Dave van Oudtshoorn.

## BGN-Kompetisies

Ons klub was weer goed verteenwoordig in BGN-kompetisies, met verskeie lede wat tot op kwarteind- en halfeindvlak uitgestyg het. Tydens die AJV is sertifikate toegeken as erkenning van die volgende prestasies:




Tian Pietersen- Semi-finaal, Mans Enkelspel Ope
Brian Kleingeld – Kwart-eind, Mans Enkelspel Veterane
Ria Coetsee – Semi-finaal, Dames Enkelspel Ope
Tillie Kamper – Kwart-eind, Dames Enkelspel Veterane
David Engela – Kwart-eind, Mans Enkelspel Nuwelinge
Piet Swemmer – Semi-finaal, Mans Enkelspel Nuwelinge
Ria Coetsee en Maria Steyn – Kwart-eind, Dames Pare Veterane
Eurika Lawrence en Tillie Kamper – Kwart-eind, Dames Pare Veterane.

Baie geluk aan al hierdie lede vir uitnemende prestasies!

## Perfect Delivery Gauteng Ope




Na vier weke se goeie rolbal het die Perfect Delivery Gauteng Ope tot 'n einde gekom. Dit vind in 2026 plaas in die EKB rolbal distrik.
Ons klub het goed gevaar.
In die Fisies Gestremde Enkels het Bosman 'n Brons medalje verower.

In die Gemengde Pare het Andrew en Emma, Dave en Kirsten, asook David en Maria deelgeneem, waar David en Maria hulle seksie en ook hulle eerste uitspeelwedstryd gewen het.


In die Dames Pare het Maria en Tillie, Karien en Ronel v Z, Dorina en Zinda, asook Lynette en Emma deelgeneem.

In die Mans Pare het Tian en Pieter P, Japie en Hadri, David en Andrew, Johan E en Dave, asook Willem en Jurg deelgeneem, waar Willem en Jurg hulle seksie gewen het.
In die Dames Enkels het Tillie, Maria, Suzette, Emma en Lesley deelgeneem.

In die Mans Enkels het Tian, Jaco, Pieter P, David en Andrew deelgeneem, waar Tian sy seksie, en sy eerste uitspeelwedstryd gewen het.
In die Dames Viere het Karien, Dorina, Zinda, Ronel v Z, asook  Eurika, Maria, Tillie en Elize du P deelgeneem.
In die Mans Viere hetBosman, Willem, Pieter B, Dave, asookPieter P, Jaco, David, Hadri deelgeneem.
Vir baie was dit 'n leerkurwe en vir ander weer 'n uitdaging om hulle seksies te wen.
Centurion as klub het goed gedoen en sal weer in 2026 gedugte spelers vir die toernooi inskryf!

Jaco Immelman

## Pretty Woman Toernooi



Hierdie toernooi het plaasgevind van 25 – 27 Augustus

Die foto's en resultate sal in die volgende uitgawe gepubliseer word om hulle behoorlik te vereer.

---

## ROLBALONTWIKKELING

**Kitty en Jack gesels oor rolbaletiket en  die wette van rolbal**

Vandag in die klubhuis, na spel,  het Kitty en Jack 'n lansie gebreek vir die spelers van ons klub se toepassing van hul algemene rolbaletiket op die perk. So terloops, die twee befaamde spelers is lede van die elite Fantasma klub en gaan Centurion Rolbalklub in die toekoms gereeld besoek.
Jack kon nie uitgepraat raak oor die twee spanne waarby hy betrokke was se onberispelike etiket nie.



Goed geplaaste balle in die kop, hetsy vanaf spanlede of die opponente is gekomplimenteer en aangeprys. Nie 'n enkele insident van 'n luidkeelse gejubel en gejuig of 'n gesteun en gekreun oor 'n bal wat teen alle verwagtinge in 'n blote gelukskoot was, is gehoor nie.

Kitty het Jack se opmerkings be-aam. Sy noem toe ook dat al die spelers haar as besoeker so joviaal gegroet en vriendelik was. Hul het ook telkemale gesorg dat daar geen skaduwee oor die wit bal val nie, asook geen skaduwee oor ‘n speler se afleweringslyn nie. Dit kan tog so onbedagsaam wees as die spelers agter jou nie daarop let dat hul skaduwee oor jou afleweringslyn val nie.

Nie-spelers het ook nie in die kop rondgestaan nie, maar was wel min of meer 2m agter die kop of dan 1 meter agter die mat. Sy noem toe dat sy nooit benoud gevoel het tydens die aflewering van haar bal nie, aangesien sy genoeg ruimte om haar gehad het. Daar was ook nooit ‘n gevroetel aan die oorkant van die baan as sy en die skipper hul aflewerings moes doen nie.

Die geel paaltjie was altyd sigbaar, en tydens die speel van langkoppe het spelers nie op die bank gestaan nie, sodat sy mooi kon sien wat die stand van sake in die kop was.
Wat hul albei egter baie beïndruk het, is die feit dat nie ‘n enkele speler na die kopkant beweeg het voordat die laaste afgelewerde bal tot stilstand gekom het nie. Die speler moet mos ook die geleentheid gegun word om sonder steurnis sy/haar bal se trajek en uitkoms te sien.

Ja nee, n pluimpie vir Centurion rolbal klub. Die klublede verstaan klaarblyklik reël 9 van die rolbaletiket-handleiding. Die toepassing van reël 9.4, 9.5, 9.7, 9.8, 9.13, 9.14 en 9.18 verteenwoordig sportmanskap uit die boonste rakke.

As etiketreëls nie ingeoefen word tydens sosiale spel nie, is dit uiters moeilik om slegte gewoontes tydens klubkompetisies of liga-spel te voorkom. Swak gedrag gebeur dan sommer sonder nadenke en stel so die klub, jou spanlede asook jouself in die verleentheid.

**Lees asseblief reël 9 in die rolbal etiket boek. Daar is nog aspekte wat bespreek word waarop ons asseblief moet let.**

Zinda Müller

# LEDESAKE




## Verjaarsdae in September

**1** Gert Cloete
**5** Thina Stern
**6** Petru Wessels
**10** Jacqui Bester
**14** Piet Swemmer
**17** William Rapp
**22** Christa Roux
**23** Adriaan Louw
**25** Betsi du Plessis (V)
**26** Kobus Nieuwoudt (V)
**28** Jaco Immelman




## Verjaarsdae in Oktober

**8** Freda Cloete
**14** Lynette Sam
**17** Marieta Fourie en Johan Meaker
**18** Appie Nieuwoudt (V)
**20** Anne Ebersohn en Lourens Olivier
**21** Loekie Gouws
**24** Dawie Hanekom
**25** Annette Olivier
**31** Koos Scoeman en Dup du Plessis (V)

## Nuwe lede

Ons klub het sedert die vorige Toucher die volgende gewaardeerde nuwe lede ryker geword:
Frances du Toit, James du Toit, Deon Geyser, Lambert du Plessis, Tania Lourens en Stephan van der Walt.






Afrigting van belangstellendes kontinueer, met groot dank aan die afrigters Zinda Müller, Bosman Olivier en Leon Smith, en nuwe afrigters Koos Slabber en Marieta Fourie.


## Lief en leed

Chris Lerm sukkel steeds met 'n beenspierbesering. Bosman Olivier het 'n oogoperasie ondergaan, met goeie afloop.
Baie geluk aan Karien Roos wie ouma geword het vir die tweede keer.

---

# Ander

### Speeltye (Somer)



**Dinsdae** - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00
**Donderdae** - gemengde spel, skyfies in 8:30 vir 9:00
**Saterdae** - gemengde spel, skyfies in 13:30 vir 14:00

Spel word Saterdae in rolbaldrag gespeel en gewone drag vir die ander dae. Vir klubwedstryde en klubfunksies trek ons ook rolbaldrag aan.

## Fondse

Ledegeld en ander inbetalings wat betaal word moet as verwysingjou naam en van toon, asook waarvoor jy die betaling maak. Dit sal die tesourier se taak aansienlik vergemaklik.
Klubfooie kan verkieslik direk in die klub se bankrekening inbetaal word.



**Bankbesonderhede:**
Centurion Bowling Cub
ABSA Centurion
Rek no 405 332 3178
Kode 632005
Tjekrekening

Ledegeld plus BGN affiliasiefooi is ten volle betaalbaar teen 1 Oktober 2025.
Status ouderdom, 1 Julie 2025
**Ledegeld 75 jaar en ouer: R2375**
**Ledegeld jonger as 75 jaar: R2600**
Spesiale reëlings vir afbetaling kan met die tesourier gereël word.
Kontak Marieta Fourie by: secretary@centurion-bowls.co.za of Marieta.fourie@dustaside.com

## Boeke



Snuffel gerus in die boekrakke vir iets om te lees en huistoe te neem. Daar is 'n kassie waarin jy **R5** per boek moet ingooi. As jy klaar gelees het, bring die boek asseblief terug sodat iemand anders ook die leesgenot daarvan kan hê. Baie dankie, Judy, vir die versorging van ons boeke.

## GREENS, FACILITIES AND SERVICES



A long-standing ideal in our club is in the process of being fulfilled, namely the building of border walls for both greens. The completed sections look superb, and do our club proud. The reconditioning of the A Green (Atkins Green) is progressing well, and that of the B Green (Van Zyl Green) has also commenced, resulting in a spell of two weeks with no play on both greens. On the border of the B Green a big tree has been removed, thereby solving a persistent problem with shadows on this green. At the helm of all this great work is our new green keeper, Dave van Oudtshoorn, assisted by Willem van Zyl, as well as other volunteers. These visible improvements create a mood of excitement in our club, with great thanks to all involved!

Nico Rau ensures the up-keep of the club facilities, whilst Dalina and Pieter Brits, with volunteers, distinguish themselves as top barkeepers. Ronell van Zyl, with volunteers,  attend expertly to all catering needs. All this work does our club proud and deserves our highest appreciation.











---

## KLEINJAN

Ag foeitog ma. Oom Filupis met die kierie van die oues se tehuis het mos 'n blank geslaan by hulle se trustees. Die toilet drains bly mos verstop en die tehuis se handyman by name Frans en sy helpers moet kort-kort gaan oopmaak Wag. Laat ek eers weer groet. Waar is my maniere. Dit gebeur nou elke keer. Ek begin met my vertelling nog voor ek dag gesê het. Sorry ma. Goeiemore ma. Waar was ek nou weer? O ja. Die draine se oopmaak. Gister kry hulle blykbaar 'n nappie net buite waar die dik pyp die draai maak, ma weet mos.

Knus vasgevang. Al die ander goedjies, dit is nou die dinges, sit toe aan die verkeerde kant. Dit is nou badkamer se kant toe. Probleem word toe uit sorteer en toe is dit die gesprekvoering met oom Filupis. Hy is mos ʼn ou harde knol en ontken heftig dat dit nie een van sy nappies is nie en ook nie sy gade sin nie, want hy is nie ʼn baba nie. Hy dra blykbaar disposables. Nou vra ek vir ma , watsie differêns? Hy hou vol dit los op. Na verder woorde was daar toe ʼn ooreenkoms.

No more disposables of enige oplosbares in die toilet. Klink my die tehuise het maar hulle se ups en downs, net soos daar waar oom William hulle bly. Hulle bly mos ook by die ou mense. Nou vertel ek vir ma van volks vreemde dinge. Dit is nie op die litte van onse klub van toepassing nie want hulle hou by die gedragskodes.

Ai ma, ek weet gelukkig ma is nie ʼn sensitiewelike leser nie, en daarom wil ek nog klein bietjie voorborduur op droppings. Hier op my grasperk op die minusipale kant van die straat lê ook nou weer meer honde droppings, want die mense in ons straat loop later in die oggend om te verhoed dat die honne se alies nie vries as hulle vroeg moet uitgaan nie. Ek smile nou sommer insigselwers. Dink net hoe moet hulle loop om die nat gras te vermy. Sies. Ek is nou klaar met droppings.


Ek sien op die nuus dat die mense wat SARSA kry dalk in Desember elkeen ʼn bonus by die Minister van Outgeit kry. Nou wonder ek of hierdie minsinister die verantwoordelikgeit sal vat vir die oorspandering van die SARS betalers se geld. Seker maar geldjies wat hulle nie kon toeskryf van die minusipaliteite se wanbalanste nie. Dit bly maar ʼn moeilike ding vir ʼn rekening meester om die straatskas te laat ballanseer.

Ma, ek en tante Annie het Woensdag lekker gesels in Checkers. Dit is nou die Checkers by die klein Mol. Sy was daar met haar opvoubare battery aangedrewe karretjie om melk en brood te koop. Sy koop ook die los boksies vlou melk. Dis mos die wat se room vooraf deur die kallers uitgesuip was. Maak darem die koffie en tee nog wit, sê sy. Sy drink ok mos nie suiker nie. Net daardie rooi sakkies wat ons by die klub ook kry. Help vir alles. Hulle sê, dis nou die dokters met ʼn ee, van high blood tot daaihabeetis. Ek weet nie of dit werk vir kolesterols ook nie. Hot flashes word ook nie ge cover nie.

Laat ek nou nie voort borduur op ouer mense se kwale nie en gaan reg maak vir my singles game teen Eiffel vanmiddag. Ons speel darem nou weer lekkerder as wat dit so vroeg, toe dit nog onder die gevriesde punt was, gewees het.

Ons praat weer.
Baai
Kleinjan.

**AND IN CLOSING……….**



Visiting skip: “Excuse me, but I didn’t catch your name”
Home skip: “William Shakespeare”.
Visiting skip: “That’s a well-known name”
Home skip: “Well, that’s understandable – I skipped the winning team last year.”

---

## Kontakinligting

Stuur asb jou nuuswaardighede aan Gerrit Kamper by kampergd9@gmail.com.

Praat met hom op die rolbalbaan of in die klubhuis, of skakel met hom by 0731715630.

Besoek gerus ons webwerf by: www.centurion.bowls-club.co.za en ook by : https://centurionrolbalklub.shutterfly.com. (Foto’s)

Neem ook kennis van die Klub se e-posadres: secretary@centurion-bowls.co.za

Wanneer u e-pos aan hierdie adres stuur, sal dit minstens al die lede van die Dagbestuur bereik.